Ned Geref Gemeente Aandbloem

VAKATURE VIR GEMEENTEBESTUURDER

Die Kerkraad van Aandbloem Gemeente in Bloemfontein wag aansoeke in vir die pos van gemeentebestuurder.

Dit is ‘n halfdagpos van 08h00 tot 12h00 weeksdae. Wanneer daar vergaderings en ander geleenthede (by uitsondering) is wat buite hierdie ure val, word van die gemeentebestuurder verwag om beskikbaar te wees.

Die pligte behels die tipiese administratiewe pligte van ‘n kerkkantoor. Dit sluit in die instandhouding van die *Winkerk*-lidmateregister, voorbereiding van sakelyste en notules van die kerkraad en verskeie ander komitees, die ontvangs en bank van gelde, betalings, voorbereiding van brondokumente (die teboekstelling en opstel van state en verslae is uitgekontrakteer), die bedryf van ‘n kleinkas, ander administratiewe funksies en opdragte soos van tyd tot tyd deur die kerkraad toegewys.

Die geskikte kandidaat moet tussen 30 en 55 jaar oud wees om ‘n langtermynverbintenis met die gemeente te probeer vestig. Hy/sy rapporteer aan die leraar belas met administrasie en finansies, die ouditkomitee, die bestuurskomitee, die kerkraad en die trustees van Aandbloem Trust.

Die kandidaat moet ‘n meelewende lidmaat van die NG Kerk wees en oor die nodige Afrikaanstalige-rekenaar- en administratiewe vaardighede beskik. Hy/sy moet oor goeie menseverhoudinge beskik en goed met senior mense oor die weg kom.

Diensvoordele behels ‘n bruto salaris van R9 500 pm plus ‘n dertiende tjek. Die posbekleër het ‘n keuse om deel te wees van die NG Kerk Amptenare Pensioenfonds, ten koste van ongeveer R700 vir die rekening van die werknemer en R1 400 as werkgewersbydrae, geen mediese fonds is beskikbaar nie. Een-en-twintig werksdae verlof is beskikbaar en 30 kalenderdae siekverlof, versprei oor drie jaar.

Aansoeke sluit op Woensdag 24 Oktober 2018. Indiensname sal so gou as wat dit vir die suksesvolle kandidaat moontlik is, geskied.

Aansoekvorms kan bekom word by Aandbloem Gemeente se Kerkkantoor by Van Heerdenweg 22 (051 407 7631), of ook per e-pos by aandbloem@engo.co.za